PERSVERKLARING

SENWES GEE PRYSE WEG OP SENWES PARK

As deel van Senwes se 100-jaar vieringe gee dié maatskappy, tesame met die Noordwes Krieket Assosiasie, pryse aan toeskouers en spelers by geselekteerde wedstryde op Senwes Park.

Die 100ste toeskouer wat deur die hekke beweeg ontvang ‘n R500 geskenkbewys, terwyl elke krieketspeler wat ‘n honderdtal aanteken, ‘n kontantprys ontvang.

Kolwers wat ‘n honderdtal in die SA President XI/Australië-wedstryd aanteken, ontvang R2 500, terwyl 100 lopies in die SA “A”/Engeland-wedstryd R2 000 beteken. ‘n Honderdtal in ‘n Pro 20-wedstryd sal ‘n kolwer R1 000 waarborg en in die SuperSport-reeks R500.

Vishal Mooljee, ‘n inwoner van Manzil park in Klerksdorp, het sy R500-geskenkbewys, as 100ste toeskouer, ontvang. Hy het die drie-dag toetswedstryd tussen Australië en die SA President XI bygewoon. Twee van die spelers, Imraan Khan (SA President XI) en Simon Katich (Australië) het elk 100 lopies aangeteken en ‘n kontantprys van R2 500 ontvang.

- EINDE -

UITGEREIK DEUR INFOWORKS OP 11 MAART 2009
Johan Smit
Tel: +27 18 468 2716
Sel: 082 553 7806
johan@infoworks.biz

NAMENS: Johan Dique
Besturende Direkteur: Senwes
Tel: +27 18 464 7656
johan.dique@senwes.co.za

www.senwes.co.za